AKADEMIA

AD FUTURUM PER FONTES

# *Deeltydse dosent:*

## INTERNASIONALE BESTUUR

PRETORIA

Akademia is ŉ Christelike, klassieke en onafhanklike hoëronderwysinstelling wat verbind is tot die uitnemende opleiding en vorming van studente vanuit en vir Afrikaanse taal- en kultuurgemeenskappe. Akademia het vanaf Maart 2026 ŉ deeltydse pos vir ŉ dosent in Bestuurswetenskappe in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe beskikbaar. Die suksesvolle kandidaat sal lesings op die nauurse afstandsmodel behartig. Hierdie pos is nie kantoorgebonde nie.

## POSDOELSTELLING

ŉ Dosent is daarvoor verantwoordelik om hoëgehalteonderrig aan studente te bied deur innoverende klasaanbiedings en leerervarings. Die pos vereis dat akademiese take, navorsing en innovering asook akademiese gemeenskapsdeelname ywerig verrig word. Die vorming van studente tot volwaardige mense word hoog op prys gestel. ŉ Dosent streef daarna om as leier in ŉ vakgebied erken te word en streef verdieping in alle klasaanbiedings na.

## VERANTWOORDELIKHEDE

- voorbereiding en dosering van die module-inhoud
- navorsing op vakgebied ter ondersteuning van onderrig en leer
- opstelling en moderering van assesseringsaktiwiteite
- lewering van akademiese ondersteuning aan studente

## POSVEREISTES

- BCom Honneurs met Internasionale Bestuur as deel van voorgraadse en/of nagraadse kwalifikasie
- een tot drie jaar onderrigervaring
- ervaring in ŉ aanlyn onderrigomgewing (voordelig)

## VAARDIGHEDE

- sterk verbale en geskrewe kommunikasievaardighede (akademiese Afrikaans)
- interpersoonlike vaardighede
- prioritiserings- en tydsbestuursvaardighede
- onafhanklik in ŉ spanverband funksioneer
- rekenaarvaardighede
- kundigheid in die elektroniese onderrig- en leeromgewing
- inisiatief kan neem en oplossingsgedrewe
- vermoë om werk onder druk te voltooi
- ŉ liefde vir Afrikaans
- bereid om ŉ ambassadeur vir Akademia te wees deur te help om die instelling uit te bou

**Klik hier om vir die pos aansoek te doen. Slegs Afrikaanse CV's sal aanvaar word. Aansoeke moet voor of op 19 Februarie 2026 ingedien word. Stuur ŉ e-pos na personeelnavrae@akademia.ac.za indien jy probleme met die skakel ervaar.**

Akademia behou die reg voor om nie ŉ aanstelling te maak nie. Akademia is kragtens die Wet op Hoër Onderwys 75 van 1997 by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding geregistreer (registrasienommer: 2011/HE08/005). Akademia is deel van die Solidariteit Beweging.



Akademia MSW (Maatskappyregistrasienommer: 2005/024616/08) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997, Registrasienommer: 2011/HE08/005; Direkteure: M.J. Visser (besturende direkteur), dr. D.J. Hermann, H.J. Schalekamp, P.W.A. Steyn, prof. D.P. Goosen, P.J.W. Buys en J.D. Symington.